

# JEUGLES: As sout laf geword het

## 1. PRAISE EN WORSHIP

## 2. YSBREKER: Hoe raak sout laf?

- Groepe staan in 'n ry, aan die ander kant van die vertrek is 'n houer met grond in en 'n houer met sout
- Wanneer ons 'go' sê hardloop die eerste groeplid na die emmer, meet 'n lepel sout af en gooi dit by die grond
- Die speletjie hou aan totdat almal 'n beurt gehad het.
- Die groep vat dat die emmer en meng die grond en die sout goed deur.

## 3. PROCESS DIE YSBREKER:

- Sal julle die sout oor julle kos gooi wat met die grond gemeng is?
- Hoekom / nie?
- Was dit 'n maklike of moeilike speletjie gewees?

## 4. INLEIDING:

- Ons staan hierdie kwartaal stil by die teksvers in Matt 5:13 - "Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit"
- Ons het die eerste week na sout gekyk, hoekom dit so belangrik is dat Jesus ons as Christene daarmee vergelyk.
- Verlede week het ons gepraat oor wat dit beteken om sout vir die aarde te wees.
- Hierdie week kyk ons na die laaste deel van die teksvers: "Maar as sout verslaan het, hoe kry mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit".
- In die Romeinse tyd was sout wat laf geword het nie meer goed vir enige iets nie. Dis op die paaie gestrooi en mense het daarvoor gery en daarop getrap.
- Hoe word sout laf? Wanneer dit met ander goed gemeng word soos in ons ysbreker met die grond.

## 5. BESPREEK IN DIE GROEPE:

- **Wat beteken dit as ons sê Christene se sout het laf geword?**  
(Christene maak nie meer 'n verskil in die wêreld nie)
- **Op watter manier word ons as Christene se sout laf?**  
(wanneer ons ons begin besig hou met die wêreld se goed / dieselfde dinge as die wêreld doen / nie meer anders as die wêreld lyk nie)
- **Noem 'n paar voorbeelde van HOE Christene se sout laf word.**  
(buite-huwelikse seks / pornografie / drank / vloek / vuil praatjies / skinder ens.)

- **Hoe kan ons verhoed dat ons as sout laf word of so gemeng word met ander goed dat ons nie meer sout is nie?**  
(bly naby God deur Bybellees, bid / breek met jou verkeerde maats en soek vir jou maats wat ook die pad saam met Jesus stap, dit sal dit baie makliker maak)

## **6. SAMEVATTING:**

As ons nie 'n verskil maak in die wêreld nie, van watter nut is ons? Die rede hoekom ons nie reguit hemel toe gaan wanneer ons tot bekering kom nie, is oor God wil hê ons moet 'n verskil maak in die wêreld. As daar nie 'n verskil is tussen hoe iemand is wat hulself 'n Christen noem en iemand wat nog nie Jesus ken nie, het daardie persoon se sout laf geword. As ons nie 'n positiewe invloed het op die wat rondom ons is nie, is dit tyd om bietjie selfondersoek te doen.

## **7. SLUIT AF MET GEBED EN GEE SELFONE TERUG**